

ENKELE OPMERKINGS OOR DIE UITBEELDING VAN JESUS IN DIE VIER EVANGELIES.¹

D F Tolmie²

1 INLEIDING

In hierdie kort bydrae gaan ek probeer om op 'n baie oorsigtelike wyse iets aan te dui van die kenmerkende wyse waarop Jesus in elkeen van die Vier Evangelies uitgebeeld word. Die bedoeling is dat hierdie bydrae voorbereidend moet funksioneer vir die een van van Prof. H.C. van Zyl wat net hierna verskyn en daarom behoort die twee bydraes sáám gelees te word.

Die saak wat ek wil beklemtoon kan kort saamgevat word: Elkeen van die Vier Evangelies teken Jesus op 'n eie kenmerkende manier. Ongelukkig kan ek nie 'n volledige bespreking van die wyse waarop Jesus in elke Evangelie geteken word, gee nie. Ek sal slegs konsentreer op enkele fasette en by elke Evangelie een of hoogstens twee van die kenmerkende sake in die wyse waarop dié Evangelie Jesus teken, hanteer. Dat daar baie meer sake uitgelig sou kon word, spreek vanself. Dat daar oor hierdie saak ten spyte van die verskille tussen die Evangelies, ook baie ooreenkomste is - veral tussen Matteus, Markus en Lukas - is ook waar. Dié groot mate van ooreenstemming neem egter nie die feit weg dat elke Evangelie in sy tekening van Jesus sekere aksente beklemtoon wat by die ander óf nie voorkom nie óf nie so 'n belangrike rol speel nie.³

Oor die fasette wat ek by elke Evangelie bespreek, is daar redelike groot eenstemmigheid tussen Nuwe-Testamentici. In die gevalle waar ek

1 Dieselfde as by H. C. van Zyl se voetnoot 1.

2 Dr. D.F. Tolmie, Departement Nuwe Testament, UOVS, Bloemfontein, 9300.

3 Daar is wel nog enkele Nuwe-Testamentici wat probeer om die Vier Evangelies te harmonieer. Siem Van Bruggen (1987).

wel sake aanroer waaroor daar nie sulke eenstemmigheid bestaan nie, word voetnote gebruik om die leser wat sou belangstel na relevante literatuur te verwys.

2 DIE FASE VAN MONDELINGE OORLEWERING

As *vertrekpunt* kan ons die kruisiging en opstanding van Jesus neem. Volgens alle aanduidings vind dié gebeure in die maand Nissan (d.w.s. Aprilmaand in ons kalender) van die jaar 30 n.C. plaas.⁴ Hierna is die Jesusgebeure (d.w.s. alles wat Jesus gedoen en gesê het) vir min of meer dertig tot vyf-en-dertig jaar primêr *mondeling* oorgelewer. Vir ons as moderne mense wat so gou na pen of papier (of die rekenaar!) gryp om iets aan te teken, mag dit vreemd voorkom dat daar nie dadelik pogings was om die Jesusgebeure op te teken nie, maar in terme van die gebruike in die destydse wêreld was mondelinge oorlewering beslis nie iets vreemd nie. Oor presies wat alles in die fase van mondelinge oorlewering gebeur het, is daar nie duidelikheid nie, maar die volgende drie prosesse het klaarblyklik plaasgevind:

- a) Vertaling: Jesus se moedertaal en dus ook sy primêre omgangstaal was Aramees. Gevolglik is dit waarskynlik dat die vroegste tradisielae Aramees kon gewees het. Mettertyd het dit egter gebeur dat die grootste deel van die vroeë Christelike kerk nie Aramees kon verstaan nie en is die oorlewering op spontane wyse in Grieks vertaal.
- b) Rangskikking: Tydens die fase van mondelinge oorlewering het dit (bewustelik of onbewustelik) gebeur dat die oorvertellers die verhale oor Jesus, asook die Jesuswoorde, gerangskik het sodat dit wat logies by mekaar pas, by mekaar uitgekome het. Op dié wyse het daar reeds in die mondelinge tradisiefase sekere reekse soos byvoorbeeld reekse Jesuswoorde, gelykenisse en wonderverhale ontstaan.

4 Daar is nie absolute sekerheid oor die jaartal van Jesus se kruisiging en opstanding nie. Die voorgestelde datums wissel van 28 n.C. tot 33 n.C. Sien Brown (1994:1350-1378) vir 'n uitvoerige bespreking.

- c) Skriftelike optekening: Dit is nie absoluut seker nie, maar klaarblyklik is sekere van die Jesuswoorde wel in hierdie tyd skriftelik opgeteken. As voorbeeld hiervan kan die sogenaamde Q-bron genoem word wat, alhoewel dit nie meer bestaan nie, deur geleerdes gerekonstrueer kan word omdat beide Matteus en Lukas daarvan gebruik gemaak het.⁵ Nietemin is dit belangrik om daarop te let dat die mondelinge tradisie nog steeds die primêre wyse van oorlewering was. Selfs nadat die Vier Evangelies tot stand gekom het, het die mondelinge oorlewering vir 'n lang tydperk nog op dieselfde vlak as die skriftelike weergawe gefunksioneer.⁶

3 DIE MARKUSEVANGELIE

Die Markusevangelie is volgens alle aanduidinge die eerste Evangelie wat geskryf is (ongeveer 65 tot 70 n.C.).⁷

In die beskrywing van Jesus in die Markusevangelie word sekere titels gebruik wat vandag nog steeds aan elke gelowige bekend is. Die belangrikste is dat Jesus die Seun van God, die Seun van die mens en die Christus/Messias is. Wat egter dikwels misgekyk word, is dat hierdie begrippe op 'n baie spesifieke manier in die Markusevangelie ingekek word, naamlik dat hulle slegs reg verstaan word as 'n mens die faset van

- 5 Daar is nie eenstemmigheid onder navorsers oor die presiese omvang en inhoud van die Q-bron nie. Dit is ook nie absoluut seker of dit wel 'n skriftelike bron was nie. Sien Piper (1995:1-18).
- 6 Vir 'n meer volledige hespreking van die rol en gesag van die mondelinge tradisie sien Du Toit (1977:122-131).
- 7 Ek gaan nie dieper in op die vraag oor wie die outeurs van die verskillende Evangelies was nie omdat, wat ook al die keuse in elke geval is, dit nie werklik 'n verskil sou maak aan die aspekte wat hier bespreek word nie. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die tradisionele beskouing wat deur baie lidmate gehuldig word, naamlik dat die skrywers van die verskillende Evangelies elkeen op 'n dag gaan sit en uit hulle geheue die verhaal van Jesus gaan neerskrywe het, nie klop met die prentjie wat uit navorsing hieroor na vore kom nie. In al vier gevalle is die finale produk die resultaat van 'n proses waarin mondelinge en/of skriftelike bronne verwerk is. Let ook op dat ek na die outeurs van die Evangelies op die tradisionele manier verwys, maar dat dit nie noodwendig impliseer dat ek hulle as outeurs van die onderskeie Evangelies beskou nie.

lyding raaksien: Jesus word dus in die Markusewangelie by uitstek geteken as die *lydende* Seun van God, Seun van die mens en Messias/Christus. Ek illustreer dit met drie voorbeelde:

- a) In die Markusewangelie kom daar 14 Seun van die mens-uitsprake voor. Hiervan handel 8 (dus: meer as die helfte) oor die lyding van die Seun van die mens.
- b) Die Messiasgeheim: Een van die opvallende verskynsels in die Markusewangelie is dat dit gereeld gebeur dat Jesus mense of bese geeste verbied om te gaan bekend maak wie Hy is of wat Hy gedoen het. Dit gebeur byvoorbeeld in Markus 1:21-28 as die bese gees (in die man) uitroep: "U is die Heilige van God!" of in Markus 8:27-30 as vertel word hoe Petrus by Sesarea-Filippi bely: "U is die Christus!" In beide gevalle verbied Jesus hulle om dit verder bekend te maak. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat Markus dit so verstaan het dat Jesus nie wou gehad het dat mense sy identiteit bekend maak voordat hulle nie sy lyding en sterwe gesien het nie.⁸ Daardie gebeure moes eers deur hulle beleef word voordat hulle werklik die aard van sy Messiaskap kon verstaan.
- c) Die kruisigingverhaal: Hoe belangrik die feit dat Jesus die lydende Messias/Seun van God/Seun van die mens vir Markus was, kom baie duidelik na vore in die wyse waarop die kruisiging vertel word. Die hele verhaal fokus op Jesus se lyding: Hy word verraai deur een van sy eie dissipels, verloën deur Petrus, verwerp deur die Sanhedrin, ter dood veroordeel, gekruisig, bespot en belaster deur die mense wat by die kruis verby loop. Dit is ook opvallend dat die Markusewangelie slegs een kruiswoord van Jesus vertel - juis een wat fokus op Jesus se lyding: "My God, my God, waarom het U My verlaat?"

Die hoogtepunt van die kruisigingsverhaal in Markus kom wanneer Jesus sterf en die Romeinse soldaat uitroep: "Hierdie man was werklik die Seun van God!" (Markus 15:39). Dit is belangrik om raak te sien *hoekom* hy hierdie belydenis doen. Markus 15:39 gee die antwoord: "Toe die offisier wat reg voor Jesus gestaan het, *Hom die laaste asem so sien*

8 Vir ander interpretasies van die Messias-geheim sien Räisänen (1976:159-168).

uitblaas, het hy gesê: ..." Dit is dus die manier waarop Jesus sterf, sy lyding, wat volgens die Markusevangelie die oortuigingskrag is wat die offisier tot die besef bring wie Jesus werklik is. Hierdie fokus illustreer duidelik hoe belangrik die lyding in die tekening van Jesus in die Markusevangelie is.

3 DIE MATTEUSEVANGELIE

Die Matteusevangelie is ná die Markusevangelie geskrywe (ongeveer 70-75 n.C.). Vir die saak onder bespreking is dit belangrik om te besef dat die Markusevangelie een van die bronne is wat Matteus gebruik as hy sy evangelie skrywe. Juis daarom is dit opvallend dat die tekening van Jesus in die Evangelie ten spyte van die ooreenkomste met die beeld van Jesus in die Markusevangelie tog definitiewe verskille het.

Vir Matteus is dit óók belangrik dat Jesus die Seun van God, die Seun van die mens en die Christus is, maar hy aksentueer ander aspekte as die Markusevangelie. In die Markusevangelie is dit besonder belangrik dat dié begrippe in terme van Jesus se lyding verstaan moet word. Alhoewel Jesus se lyding uiteraard ook 'n groot rol in Matteus se tekening van Jesus speel, is dit nie vir hom so belangrik as wat dit vir Markus is nie. Vir Matteus is die belangrikste aspekte in dié verband Jesus se erbarming en mag.⁹ Die volgende twee voorbeelde illustreer hoe die klem op lyding in die Markusevangelie verplaas word in Matteus se tekening van Jesus:

- a) Waar die meeste Seun van die mens-uitsprake in die Markusevangelie fokus op Jesus se lyding, handel verreweg die meeste van die Seun van die mens-uitsprake in die Matteusevangelie nie oor Jesus se lyding nie, maar wel oor Jesus se glorieryke wederkoms - 'n beklemtoning van sy mag en majesteit en nie van sy lyding nie.
- b) In die kruisigingsverhaal wat in die Matteusevangelie vertel word, is die hoogtepunt van sy verhaal (soos by Markus) óók die uitroep van

9 Sien Schnackenburg (1993:119): "Der Sohn Gottes vereinigt für Matthäus das Bild des erbarmungsvollen Helfers und Heilands - ein Niedrigkeitsbild - mit dem des machtvoll Wirkenden und in Gottes Macht Kommenden, der die Feinde beschämt und niederbeugt - ein Höheitsbild."

die offisier: "Hierdie man was werklik die Seun van God!" (Mat. 27:54). Wat is dit wat hom tot hierdie oortuiging bring? Matteus se verhaal verskil van dié van Markus in die sin dat hy ná Jesus se sterwe nog iets vertel wat glad nie by Markus voorkom nie, naamlik dat daar 'n aardbewing was, die rotse uitmekaar gebars het en grafte oopgegaan het. In aansluiting hierby word dan gesê: "Toe die offisier en die soldate wat saam met hom vir Jesus bewaak het, *die aardbewing sien en die dinge wat gebeur*, het hulle baie bang geword en gesê: "Hierdie man was werklik die Seun van God". Die fokus val dus nie allereers op die lyding van Jesus soos in die geval van die Markusewangelie nie, maar op die magsgebeure wat met Jesus se sterwe gepaard gaan.

In die uitbeelding van Jesus in die Matteusewangelie is daar ook ander aksente wat sterker beklemtoon word as in die Markusewangelie. Een van die belangrikstes hiervan is die groot klem op die feit dat Jesus die lank verwagte Joodse Messias is wat uit die nageslag van Dawid kom en dat alles wat met Hom gebeur, in lyn met sekere Ou-Testamentiese voorspellings is. As illustrasie van hoe Matteus meer klem op hierdie saak as Markus plaas, kan die kruisigingsverhaal gebruik word:

- a) In die Markusewangelie word net een keer gesê dat iets gebeur sodat die Skrif in vervulling moet gaan, maar in die Matteusewangelie word dit drie keer vermeld, waarvan twee selfs die woorde in die Ou Testament aanhaal.
- b) Benewens die direkte verwysings na die Ou Testament is daar in Matteus se weergawe van die kruisiging baie meer indirekte verwysings na (sinspelings op) die Ou Testament. Een interessante verandering in die Matteusewangelie illustreer dit: In die Markusewangelie lees ons dat die mense vir Jesus "wyn gemeng met mirre" aangebied het (Mk. 15:22), maar dat Hy dit geweier het. (Wyn wat met mirre gemeng is, is destyds as 'n pynstiller gebruik.) In die Matteusewangelie word egter gesê dat die mense vir Jesus "'n mengsel van wyn en gal" (Mat. 27:34) aangebied het. Die rede vir hierdie verandering wat Matteus aanbring, is waarskynlik omdat hy in hierdie gebeurtenis 'n sinspeling op Ps. 69:22 sien¹⁰ - dus in lyn met met die spesifieke klem wat hy plaas in sy tekening van Jesus.

4 DIE LUKASEVANGELIE

Die Lukasevangelie is ook ná die Markusevangelie geskrywe (ongeveer 65-70 n.C.). Dit is belangrik om te besef dat die Markusevangelie wel een van Lukas se bronne is, maar nie die Matteusevangelie nie.

Soos vir Markus en Matteus is dit natuurlik ook vir Lukas belangrik dat Jesus die Seun van God, die Seun van die mens en die Messias/Christus is. Daarop gaan ek nie nou verder in nie. Ek wys slegs in hierdie verband op een van treffendste soortgelyke formulerings hiervan in Lukas se geboorteverhaal: "Vandag is vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here."

In die Lukasevangelie vind ons ook unieke aksente in die uitbeelding van Jesus. Een van die aspekte wat baie belangrik in Lukas se uitbeelding van Jesus is, is wat ek wil noem Jesus se besondere toegeneetheid tot die uitgeworpenes in die samelewing. Vir Lukas is dit baie belangrik dat Jesus besondere deernis gehad het met menslike lyding en swaarkry. Dit kan 'n mens deurgaans in sy verhaal sien, byvoorbeeld in die wyse waarop hy die genesingswonders vertel; die klem op Jesus se doelbewuste assosiasie met die armes en ellendiges in die samelewing, die sosiaal uitgeworpenes soos tollenaars, prostitute en Samaritane; asook die besondere aandag wat in dié Evangelie geskenk word aan mense wat binne die samelewing van destyds as sosiaal minderes beskou is, naamlik die vroue en die kinders.

Lukas se uitbeelding as iemand wat besondere deernis het met menslike lyding en swaarkry word op 'n pragtige wyse in sy kruisigingsverhaal geïllustreer deur klemtone wat net by hom voorkom. Ek noem enkele:

- a) Lukas is die enigste Eván gelis wat sê dat Jesus die man wie se oor afgekap is, se oor weer genees het (Luk. 22:51).
- b) Lukas is die enigste Evangelis wat vertel dat, toe Petrus vir Jesus die derde maal verloën het, Jesus omgedraai en Petrus aangekyk het (Luk. 22:61) - vermoedelik omdat hy dit so verstaan dat Jesus selfs in hierdie

10 Sien Binz (1989:60-62) en Hendrickx (1984:102) vir 'n vollediger bespreking.

aaklike oomblik in Petrus se lewe Sy liefde vir Petrus wil bevestig.¹¹ In Lukas 22:32 sê Jesus dan ook vir Petrus: "Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe nie."

- c) Lukas is die enigste Evangelis wat meld dat Jesus op die pad na die kruis na die groep *wrowe* wat oor Hom treur en huil, omdraai en met hulle praat (Luk. 23:28-29).
- d) Lukas is die enigste Evangelis wat die kruiswoord het: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie" (Lukas 23:34).

Al bogenoemde voorbeelde klop met Lukas se tekening van Jesus as Iemand wat besondere deernis met mense het.

5 DIE JOHANNESEVANGELIE

Die Johannesevangelie het oor 'n tydperk van ongeveer 30 jaar tot stand gekom en is finaal teen ongeveer 90 n.C. voltooi. Daar is geen direkte afhanklikheid tussen die Johannesevangelie en die ander drie Evangelies nie.

Wanneer 'n mens die Johannesevangelie met die ander drie Evangelies vergelyk, is daar opvallende verskille. Daar is byvoorbeeld redelik baie materiaal wat slegs in die Johannesevangelie voorkom, byvoorbeeld die wonder te Kana, en die gesprekke met Nikodemus en met die Samari-taanse vrou. Daar is ook opvallende weglatings, byvoorbeeld die feit dat Jesus in die Johannesevangelie nie een enkele gelykenis vertel nie.

Die hoofklem in Johannes se uitbeelding van Jesus is die begrip *heerlikheid*. As Seun van God is Jesus se aardse optrede primêr daarop gerig om sy heerlikheid te openbaar. Dit kan deurgaans in sy verhaal oor Jesus aangedui word. Ter illustrasie word enkele gebeure in Johannes se kruisigingsverhaal genoem:

- a) Johannes beskryf Jesus se kruisiging nie as vernedering (soos die ander drie Evangeliste nie), maar, verrassend genoeg, as deel van Jesus se

11 So Brown (1995:603). Sien Schmithals (1980:216-217) vir 'n ander interpretasie.

verheerliking. In Joh. 3:14-15 gebruik Johannes selfs 'n Griekse woord wat duidelik aandui dat Jesus se kruisiging as verheerliking verstaan moet word.

- b) By Jesus se gevangeneeming is daar 'n unieke Johannese aksent. Volgens Johannes het Jesus by sy gevangeneeming vorentoe gestap en vir die mense wat Hom gevange wou neem, gesê: "Dit is Ek!" Hierop het hulle teruggedeins en op die grond neergeval - 'n duidelike aanduiding dat selfs die gevangeneeming deur Johannes gesien word as deel van die openbaring van Jesus se heerlikheid.
- c) Dit is ook opvallend dat die gebeure tussen Jesus en Pilatus op so 'n wyse vertel word dat Pilatus as 'n swakkeling voorkom, terwyl Jesus deurgaans in beheer van die situasie bly. Jesus sê dan ook aan Pilatus in Joh. 19:11 "U (liewers: jy) sou geen gesag oor My gehad het as dit nie van Bo aan u (jou) gegee was nie."
- d) In die uitbeelding van die gebeure aan die kruis, word die klem ook telkens geplaas op die feit dat Jesus in beheer van die situasie is: As oudste seun van Maria tref Hy reëlins vir die versorging van Sy moeder na sy heengaan; die kruiswoord "My God, my God, waarom het U My verlaat?" kom nie voor nie; die laaste kruiswoord ("Dit is volbring!") fokus op die feit dat Hy sy taak tot aan die einde volvoer en suksesvol afgehandel het; en selfs Sy sterwe word "aktief" geteken: "Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas" (Joh. 19:30).

Uit hierdie voorbeelde blyk dat die kruisiging van Jesus vir Johannes deel van Jesus se verheerliking is.

6 SAMEVATTING

Samevattend kan gesê word dat, ten spyte van die ooreenkomste wat daar tussen die Vier Evangelies is ten opsigte van dit wat hulle oor Jesus sê, daar tog ook duidelike verskille is - tot so 'n mate dat gesê kan word dat elkeen van die Vier Evangelies sy eie unieke uitbeelding van Jesus het.

BIBLIOGRAFIE

BROWN RE

1994. *The Death of the Messiah*. New York: Doubleday.

DU TOIT A B

1977. *Handleiding by die Nuwe Testament Vol. 1*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

HENDRICKX H

1984. *The Passion narratives of the Synoptic Gospels*. London: Chapman.

PIPER R A

1995. *The Gospel behind the Gospels. Current studies on Q*. Leiden: Brill.

RÄISÄNEN H

1976. *Das "Messiasgeheimnis" im Markusevangelium. Ein redaktionskritischer Versuch*. Helsinki.

SCNACKENBURG R

1993. *Die Person Jesu Christi im Spiegel der Vier Evangelien*. Freiburg: Herder.

SCHMITHALS W

1980. *Das Evangelium nach Lukas*. Zürich: Theologischer Verlag.

VAN BRUGGEN J

1987. *Christus op aarde. Zijn levensbeschrijving door leerlingen en tijdgenoten*. Kampen: Kok.